

# DNA- Spore

April 2013 ( MOSAMBIEK TERUGVOER)

Inke, Annine, Alana en Petro

Liewe vriende!

Dis met ′n dankbare hart wat ek kan sê dat ons veilig terug is in Kaapstad.

Wat ′n wonderlike voorreg om Mosambiek toe te kon gaan. As ek terugkyk, en lees in my dagboek, sien ek hoe die Here die pad gelyk gemaak het.

**“ I will go before you and will level the mountains; I will break down the gates of bronze and cut through bars of iron”….SO THAT**

**you may know that I am the Lord who summons you by name…” Jesaja 45:2 +3**

Soos soveel kere in die verlede wonder mens waar om te begin?!

Hoe die Vader die voertuig voorsien het, nadat ons gedink het om tyd te spaar; te vlieg! Ek wil uit my hart vir Pieter en Marinda dankie se vir julle wonderlike Pajero. Dit was ′n gawe uit die Here se hand. BAIE dankie.

Wat ons gaan doen het:

Ons het Sybil se huis se gang kon afskuur en oorverf. Die ander 3 het die skoolbankies ge –“woodock” na die vloede in Februarie. Ons kon die meubels in haar huis ook Linseed-olie gee.

Ek het kilometers se gordyne gestik vir die skooltjie en die kombuis, asook Sybil se huis.

Hier is n paar foto’s…

EK EN SYBIL





Alana aan't bankies verf

Ekke voor die naaimasjien



Inke en Petro

skraap die ou

verf af, voor die

GROOT verf



NA die verf..

Voor die verf







**Ons spesiale ervarings..**

Die Sondag was ons saam kerktoe…lekker laaaaang kerk, soos net Afrika dit kan doen. Na die kerkdiens het n vroutjie na my gekom en vir my kom sê dat haar naam ook Anina is, en my gevra of ek weet wat ons naam beteken? Nou ja, niemand het dit nog ooit vir my gevra nie..

Sy het vir my toe ŉ woord gegee wat ek glo van die Here se hart self was.

" Ons naam beteken VREUGDE (joy)…Ek voel die Here se dat jy jou gawes op nuwe plekke waar jy gaan beweeg moet gebruik, om vernuwing deur VREUGDE te bring.."



Wat ŉ heerlike bemoediging.

Sybil bereik sowat 9000 kinders per week. Sondag middag het ek haar hart vir die tieners gesien. Vir 2 volle ure het 100+ jongmense gesit en luister na baie goeie lering oor gebed. Niks moegword, of middagslapie-tyd of verveling in hul oë nie. Net soos sponse het hulle ingedrink, vrae gevra en geleer van hoe Jesus wil hê dat ons NABY aan Hom moet lewe.

Die dissipline van hierdie jongmense het my so aangespreek. Ek kan by hulle leer van ywer vir Jesus en Sy woord!!

Ek sal moet groet anders raak hierdie kort nuusbriefie te lank…

## Sake-vir dankie-sê:

1. Dat die Here regtig my mond aangeraak het om weer die Portugees te kon bemeester, waar ek moes praat.

2. Vir n baie geseënde uitreik en diensbaar-wees tyd.

3.…vir elkeen wat deel was in finansies of gebed..

4. Dat ons harte versterk is vir ons taak terug in SA..


5…vir n lekker span energieke dames wat se hande vir niks verkeerd gestaan het nie!! Thanks julle…

Mag die seën en dankbaarheid van wat Jesus vir jou gedoen het, jou hart vul om te bly GEE van jouself tot Hy weer kom om ons te kom haal..

Met baie liefde

ANNINE









Groot skade met die vloed

ʼn Honger na Jesus en Sy woord was sigbaar..